

Kreatiewe bibliotekaris

Saamgestel deur GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Ons weet al van toeka se tyd af dat bibliotekaris nie net mense is wat boeke uitreik en navrae beantwoord nie – hulle is die mees veelsydige spesie onder die son!

Nie net moet hulle al die kennis van hul voorraad onder die knie kry nie, hulle moet sielkundiges wees, hul gebruikers verstaan, weet waarvan oom Jan en tant Sannie hou, kinders vermaak, stories vertel, Internetvaardig wees, die uiters belangrike knipselversameling op datum hou, op hoogte wees met die jongste gebeure in hul dorp of stad, weet waar besoekers kan tuisgaan, rigting-aanwysings kan gee – die lys is eindeloos – maar die grootste verrassing is, hulle doen dit! Sonder moeite! Dis hoekom hulle bibliotekaris is ...

En dan kom die kersie op die koek – hulle moet nog kreatief ook wees - en watter beter manier om gebruikers se aandag te trek as met 'n treffende uitstalling?

Ons plaas 'n paar voorbeelde van uitstallings wat ons onlangs die afgelope paar maande ontvang het en hoop dat dit as inspirasie vir ander sal dien. Stuur gerus nog voorbeelde aan - ons gebruik dit graag.

► *Save our planet! Words that are on everybody's mind these days...or should be. A relevant and timeous display put together at Wynberg Library*



◀ *En talent bly natuurlik nie net by bibliotekaris nie – Jonas Lombaard, 'n drywer van Swellendamstreek, spog met sy rugbyuitstalling wat hy in die voorportaal van die streekkantoor opgestel het – hy en sy seun is beide vurige Springbokondersteuners. (Wel, dit kan mens sien, né...)*



▼ Wynberg Library's staff definitely has a penchant for putting on brilliant displays. Seen here is their stunning and scary Halloween display that grabbed the minds of their users



▼ A striking 'Walk like an Egyptian' display at Wynberg Library



▲ Van Bredasdorp Biblioteek kom hierdie pragtige voorbeeld van 'n Kersfees-uitstalling



▲ In Stellenbosch Biblioteek het Thobeka Stokwe (biblioteekassistent) 'n slag vir vroue geslaan met haar treffende uitstalling om vroueskrywers te vereer